Burgerskap

"Die grootste van leiers is altyd besig om te dien – maar hulle besef dit nie eers nie"
- Bernardus van Clairvaux

Doelwit: *Om vir die Verkenner 'n basiese kennis van die staat en die funksionering daarvan te gee om hom in staat te stel om 'n goeie landsburger te kan wees.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: Die spesialisasie se fokus is om die Verkenner tot 'n positiewe landsburger en leier te ontwikkel. Daar word hoofsaaklik aandag gegee aan Burgerskap en die positiewe uitleef daarvan as konsekwente Christen.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die Verkenner moet 'n besoek bring aan die parlement of 'n staatsorganisasie/-departement.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die staatsvorm van sy land kan identifiseer.*
2. *Die regeringsamestelling van sy land skematies kan voorstel en verduidelik.*
3. *Die grondwet van sy land deurlees en kan deelneem aan 'n gesprek oor die invloed daarvan op die Afrikaner.*
4. *Vertroud wees met die volgende begrippe (elemente) van die staat:*
   - *4.1 Grondgebied.*
   - *4.2 Regering.*
   - *4.3 Bevolking.*
   - *4.4 Onafhanklikheid.*
5. *Vertroud wees met die volgende staatsvorme:*
   - *5.1 Demokrasie (verskillende vorme).*
   - *5.2 Outoritêre staat.*
   - *5.3 Totalitêre staat.*
   - *5.4 Teokrasie.*
6. *Vertroud met die vereistes vir burgerskap van sy land.*
7. *Vertroud wees met die staatsimbole van sy/haar land en die simboliek daarvan verstaan.*
8. *Persone en uitsprake uit die Bybel aanhaal wat as goeie landsburgers opgetree het of goeie burgerskap voorskryf.*
9. *Deelneem aan 'n gesprek oor die pligte van 'n goeie landsburger vanuit 'n staatkundige en Christelike perspektief.*
10. *Deelneem aan 'n gesprek oor die verantwoordelikheid van die staat teenoor sy burgers.*
11. *Die parlement,'n staatsorganisasie of staatsdepartement besoek en dit daarna krities evalueer en bespreek ten opsigte van nut, koste-effektiwiteit en dienslewering.*

HOU KOERS